

# Wat is die waarde van my medelye.

Teks: Lukas 10: 25 -37

Teksvers: Lukas 10: 37

## 1. Inleiding

Ons staan vandag nie op 'n gemaklike plek nie. Gelyk voorspoedige grond is daar nie meer nie. Dinge begin gewoonlik in die samelewing en spiraal nader en nader aan ons. So 'n paar jaar gelede het dinge in ons dorp begin agteruit gaan. Gaande weg het die lewe op ekonomiese gebied al hoe moeiliker geword. Dit het veroorsaak dat baie mense weggetrek het en ook dat al hoe minder mense na die dorp toe trek.

Daarby sit ons vanoggend, miskien wederregtelik hier. Weens covid-19 infeksies is ons feitlike onder kwarantyn. Tog is daar 'n belangrike rede waarom ons juis vanoggend 'n erediens hou. En u het gesien uit sms uitnodigings dat ons ook belangrike sake na die erediens moet bespreek. Sien in die gedagtes van die gelykenis uit Lukas 10 wat ons vanoggend bestudeer, kan ons nie meer die maklike pad neem nie. Want ons het dit deur die jare te veel keer gedoen.

Hierdie maklike pad het deur die jare vir ons baie gekos as gemeente. Want ons was nie bereid om die prys van die moeilike pad te betaal nie. Nou is ons op die veilige grens. Indien ons so aanhou voortgaan, gaan daar spoedig nie meer iets oor wees om mee aan te gaan nie. Daarom kan ons nie anders as om ook vanoggend voor die groot gebod stil te word nie. Dit wat Christus ook aan die wetsgeleerde leer in vers 26: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

As ons vanoggend praktiese waardes en pryse hierop plaas, hoe sal my optrede en oortuigings opweeg? Kom ons gaan stap saam van Jerusalem na Jerigo want die Leermeester wil ons iets leer.

## 2. Die maklike pad

Ons gaan vanoggend fokus op die bekende gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Maar hoekom vertel Jesus hierdie vergelyking in Lukas 10? En is hierdie gelykenis nog van toepassing op dit wat ons vandag beleef? Jesus vertel hierdie gelykenis in antwoord op 'n strikvraag van die skrifgeleerde. Die skrifgeleerde, wat in sy eie oë volmaak die wet onderhou, wil weet wat die grense is. Die strikvraag is op watter punt is ek vry van die verpligtinge wat die groot gebod my oplei.

In woorde wat ons in hierdie kwarantyn tyd goed verstaan, hoe ver van die probleem af moet ek staan voor ek vrygestel is? In die gelykenis sien ons ook hierdie afstand duidelik raak. Wanneer die priester nader kom en die beseerde man sien, dan gaan hy anderkant verby terwyl hy 'n blinde oog op die situasie gooi. Hierdie priester wat weens sy verbondenheid aan die kerk van beter behoort te weet, hy dink as hy net genoeg afstand tussen hom en hierdie probleem kan sit, dan is dit nie meer 'n probleem nie. Of ten minste nie meer sy probleem nie.

Is dit nie presies hoe ons ook opgetree het in die verlede as gemeente nie. Ons het 'n pad gesoek en geneem wat ons ver hou. Sodat ons net nie betrokke hoe te raak in dit wat eintlik gedoen moet word nie. Soos die priester en die leviëter het ons wanneer ons bewus geraak het van 'n probleem veilig aan die anderkant verby beweeg. Maar is dit die korrekte optrede teenoor my naaste en uiteindelik ook teenoor die Here?

Die waarheid bly egter dit wat Jesus self openbaar in Matteus 7:13 - 14: "13"Gaande deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. 14"Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min."

Wanneer 'n mens voortdurend so ver weg van die koningrykspad wil loop, land jy uiteindelik heeltemal op die breë pad.

### 3. Die prys

Om oor geld te preek is nooit lekker nie. Maar dikwels is ons hele wese so vasgedraai in rand en sent dat daar geen ander manier is nie. Ons moet soms duidelik op ons aanbidding van Mammon gewys word. Want so dikwels is dit die heilige paal wat afgekap moet word in ons lewens. Kom ons kyk wat die rede kan wees waarom die priester en juis die leviet so ver verby die beseerde man geloop het.

Wel priester en leviet was waarskynlik finansiële redelik arm. Hulle het maar uit hulle gedeelte van die offers in die tempel geleef. En natuurlik is daar die moontlikheid dat die Samaritaan finansiële ten minste beter af was. Hy kom immers in vers 35 'n oop rekening by die herberg los. Maar is dit nie juis een van die punte in hierdie gelykenis wil tuisbring nie?

Die priester en leviet kyk na die situasie en besluit dat hulle in elk geval nie genoeg middele gaan hê om te help nie. In ongeloof aanvaar hulle hierdie slegte situasie van die bose wêreld, met sy rowers. Hulle wat eintlik gelowige die liefde en hoop van die Here moet verkondig, draai eerder hulle rug op die situasie. Want miskien word hulle dalk ook op daardie plek aangeval deur die rowers.

Maar eintlik is dit die boodskap wat uiteindelik deur hierdie gelykenis geopenbaar word, dat ons medelye met ons naaste 'n hoër prys as ons eie gemak moet hê. Ja ook in die finansiële sin van die saak. Ons kan nie 'n geld limiet op koningryks werk plaas nie. Die samaritaan offer alles wat nodig is, sonder voorbehoud op vir die beseerde man. Ja hy laat selfs 'n oop rekening by die herberg wanneer hy vertrek. Uiteindelik sou Jesus ook alles, ja selfs Sy eie lewe opoffer vir ons verlossing. Wanneer Hy die keuse het om ver van die probleem verby te loop. Dan sê Hy: "Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!"

Pak ons nog begrotings in die geloof aan. Bid ons om die leiding van die Heilige Gees wanneer ek ook Finansiële beplanning in my lewe doen. Wanneer ek juis voor 'n moeilike situasie staan om medelye aan 'n ander te betoon. Ja selfs iemand wat dit nie verdien nie. Wat is die prys van my medelye teenoor die kerk van die Here vandag?

### 4. Buite veilige grense

Daar is iets wat 'n bybelse gelykenis anders maak, as blote 'n sprokie of fabel. En dit is die feit dat die waarhede wat in 'n bybelse gelykenis oorgedra word, nie bloot veilig in die grense wat 'n fantasie of sprokie kan bly nie. Nee, dit moet prakties geïmplementeer word in ons lewens elke dag. Dit is dan juis waaroor ons teksvers ook vandag gaan. Jesus se opdrag aan die wetsgeleerde is "Gaan maak jy ook so". Gaan doen soos die samaritaan, nie die priester of leviet nie.

Die probleem is dat ons weet die waarheid is steeds soos vers 28 dit duidelik maak. Verlossing kom net op volkome onderhouding van die wet. Tog neem dit net hierdie een klein gelykenis om ons te laat besef hoe sondig ons is. Dat ons nie die wet te volle kan onderhou nie. Ons as mense word maar voortdurend deur selfsug gedryf. Daarom het Christus ook hierdie wet ten volle kom onderhou. En in ons plek aan die kruis vir al ons sondes gesterf. Deur hierdie verlossing is ons vry van die slawerny van die sonde. Ons kan in ons vryheid 'n beter keuse maak.

Uiteindelik is die opdrag in die teksvers ook vandag die opdrag aan my en jou vandag: "Gaan maak jy ook so." Soos wat tye verander en hulpbronne minder word beweeg ons ook nader aan die gemaklike grens wat daar altyd was. Die ander samaritane wat goed kan doen aan ons naaste word al hoe minder. Ons word uiteindelik elkeen gedwing om hierdie gemaklike grens van vermyding oor te steek. Om werklik alles in die stryd te werp om die groot gebod te onderhou. Om werklik maak nie saak wat dit kos nie: die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.

## 5. Slot

Ons kan afsluit deur na die volgende te kyk. Die beste plek om hierdie groot gebod te begin uitleef is die kerk. Die kerk van die Here is die manier waardeur Hy kies om Sy koningryk hier op aarde te vestig. Ja, selfs al is dit vandag baie ongewild om aan kerk te behoort en gereeld kerklike aktiwiteiete mee te maak. Is dit tog duidelik dat ons in die kerk die geleentheid het om ons hele hart op te maak en op te offer tot eer en verheerlik van die Here. Om ons siel wat eintlik maar voortdurend verlang na die Here te voed met die Woord en sakrament. Die kerk van die Here skep ook die area waar ek al my krag en ook my verstand kan aanwend tot eer en verheerliking. En dan laastens is daar geen beter voertuig om my naaste in barmhartigheid te dien as juis deur die kerk nie. Om my liefde aan hom/haar te bewys deur ook die sleutels van die koningryk te gebruik. Om deur die verkondiging van die evangelie vir Hom/haar die ewige lewe oop te sluit.

Hieruit is dit duidelik dat elke keer wanneer 'n gemeente iewers sy deure moet sluit, word die koningryk van die Here kleiner hier op aarde. Daarom is dit vandag elkeen van ons se roeping om juis alles in die stryd te werp sodat ook hierdie gemeente se deure kan oop bly. Natuurlik dien ons die lewende God wat in staat is om 'n hele skare met twee vissies en vyf brode te voed. En daarom kan ons in geloof vashou in die belofte dat 7000 die knie voor baäl nie sal buig nie. Maar kom ons bring wel daardie vyf broodjies en twee visse na die Here toe. Jou kom ons span werklik ons krag, verstand, gawes en middele in om ook sover dit van ons as swak mense afhang die voortbestaan van hierdie gemeente te verseker.

Amen